

Argief

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT


VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY.



1968

10c Dinsdag, 3 Desember 1968 WINDHOEK Tuesday, 3 December 1968 No. 2947

INHOUD

CONTENTS

Bladsy/Page

ONTWERPORDONNANSIE:

DRAFT ORDINANCE:—

Wysigingsontwerpordonnansie op die Beskerming van
die Diamantnywerheid 1969 1911

Diamond Industry Protection Amendment Draft Ordinance, 1969 1912

ONTWERPORDONNANSIE

Ter wysiging van die Proklamasie op die Beskerming van die Diamantnywerheid 1939 om voorsiening te maak vir die storting in die gebiedsinkomstefonds van gelde wat as gevolg van onwettige optrede verkry is en nie deur die diamantraad vir Suidwes-Afrika vir die bestryding van sy uitgawes benodig word nie.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:

Wysiging van artikel 14 van Proklamasie 17 van 1939 soos gewysig by artikels 2 en 3 van Proklamasie 25 van 1939.

1. Artikel 14 van die Proklamasie op die Beskerming van die Diamantnywerheid, 1939 — hierna die hoofproklamasie genoem — word hierby gewysig deur in subartikel (2) (a) die woorde „vir die gebruik van die Raad toegeëien word om sy uitgawe te dek” deur die woorde „deur die Administrateur ten gunste van die Administrasie verbeurd verklaar word.” te vervang.

Wysiging van artikel 16 van Proklamasie 17 van 1939.

2. Artikel 16 van die hoofproklamasie word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde „deur die Raad in eiendom geneem word ter vergoeding van sy lopende onkoste” deur die woorde „in die Gebiedsinkomstefonds gestort word.” te vervang.

Wysiging van artikel 20 van Proklamasie 17 van 1939.

3. Artikel 20 van die hoofproklamasie word hierby gewysig deur in subartikel (1) na die woord „word” waar dit die eerste maal voorkom, die volgende voorbehoudsbepaling in te voeg.

„Met dien verstande dat indien die aftrekkings ingevolge artikel 4 (h) gemaak, na die oordeel van die Raad voldoende is om die administratiewe uitgawes van die Raad te dek, die opbrengs van diamante wat aldus verbeurd verklaar is of dié deel daarvan wat nie vir die bestryding van daardie uitgawes benodig word nie, met die goedkeuring van die Raad, in die Gebiedsinkomstefonds gestort kan word.”

Kort titel.

4. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Beskerming van die Diamantnywerheid 1969.

DRAFT ORDINANCE

To amend the Diamond Industry Protection Proclamation 1939 so as to make provision for the payment into the territory Revenue Fund of moneys obtained in consequence of unlawful conduct and which are not required by the diamond board for South West Africa to meet its expenditure.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:

1. Section 14 of the Diamond Industry Protection Proclamation, 1939 — hereinafter called the principal proclamation — is hereby amended by the substitution in subsection (2) (a) for the words “appropriated to the use of the board for meeting its expenditure” of the words “declared by the Administrator to be forfeited in favour of the Administration;”

Amendment of section 14 of Proclamation 17 of 1939 as amended by sections 2 and 3 of Proclamation 25 of 1939.

2. Section 16 of the principal proclamation is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words “appropriated by the Board towards payment of its current expenses” of the words “paid into the Territory Revenue Fund.”

Amendment of section 16 of Proclamation 17 of 1939.

3. Section 20 of the principal proclamation is hereby amended by the insertion in subsection (1) after the word “Board” where it occurs the second time of the following proviso:-

Amendment of section 20 of Proclamation 17 of 1939.

“Provided that if the deductions made under section 4 (h) are in the opinion of the Board sufficient to meet the administrative expenditure of the Board, the proceeds of diamonds so forfeited, or such portion thereof as is not required for the purpose of defraying such expenditure, may with the approval of the Board, be paid into the Territory Revenue Fund.”

4. This ordinance shall be called the Diamond Industry Protection Amendment Ordinance, 1969.

Short title.

